

STREEPSAK VIR STRAND- GOED

deur HENRIETTE LOUW



**'n Lekker ruim sak
waarin jy al jou
tierlantyntjies saam
strand toe kan
piekel. Doodeenvou-
dig om te maak en
die voering kan net
af en toe skoon
afgevee word**

BENODIGDHEDE: 1 m helderleurige seilstof wat vir dekstoel gebruik word en wat 44 cm wyd is; 1,75 m koord of tou; 75 cm nylon of soortgelyke materiaal van 90 cm breed wat net skoon afgevee kan word; 'n stukkie karton, 20 x 20 cm.

AANWYSINGS: Knip 'n reghoek van 69 x 44 cm uit die seilstof en die nylon asook 'n sirkel 22 cm in deursnee. Knip 'n sirkel, 20 cm in deursnee, uit die karton om die boom van die sak te verstewig.

Plaas die regte kante opmekaar en stik die

seilstof- en nylonreghoeke al langs een lang kant toe. Vou die nylon om na die verkeerde kant van die seilstof en pars die rand (aan die seilstofkant) met 'n koel yster. Dit vorm die boonste rand van die strandsak.

Knip 'n stuk seilband 67 cm lank. Plaas die seilband 1 cm van die boonste rand op die regte kant van die seilstof en stik albei rande van die seilband bo-op vas om 'n buis te vorm. Laat die smal kante oop. Vou en soom die smal kante van die reghoek bo 1 cm om. Sorg dat die voering en seilstof saam omgesoom word, maar wees versigtig om nie die

oop kante van die seilbandbuis toe te stik nie.

Knip uit die oorblywende seilstof twee strokies van 6 x 2 cm vir lussies. Vou die rafelrande van elke strokie in en stik dit netjies toe. Vou een van die dele in die wydte dubbel om 'n lussie te vorm.

Speld, pas, ryg en stik die seilstofsirkel aan die onderkant van die sak vas en vang die lus in die naat aan die onderkant van die sy naat vas.

Trek die kartonsirkel met nylonmateriaal oor en stik vas. Druk dit onder op die boom van die sak in vir stewigheid.

Maak 'n ring van die ander lussie en werk dit bo by die rand van die sak vas sodat die koord daardeur gestee kan word.

Maak 'n knoop in die een punt van die koord, ryg die ander punt deur die onderste lus, deur die boonste ring en seilband, dan weer deur die ring en laastens deur die onderste lus. Knoop dan die punt.